# *tippet 100*

**In my Sub A-jaar het my Kinderkrans-tannie vir my 'n verjaardagkaartjie gegee met Spreuke 4:23 daarop uitgeskryf: "Bewaak jou hart méér as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe."**

**Ek kan nie haar naam onthou nie; ek weet nie eens of sy nog lewe nie. Ek weet wel dat sy met hierdie gebaar iets gedoen het wat 'n leeftyd later nog steeds vir my kosbaar is.**

**Moet nooit die klein ietsie wat jy vir iemand kan doen, geringskat nie.**

**Ek wonder: wat het ek vandag gedoen wat soortgelyke "ewigheidswaarde" vir iemand anders kan hê?**

**Francois Retief**

**8 Oktober 2018**